

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek



Vertroulik



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2024

LIMPOPO

PUNTE: 40

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Kortverhale (40)

AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 90 minute

OF

AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

AFDELING A: KORTVERHALE		
Beantwoord AL TWEE kortverhale.		
VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. "Koning Leeu se geskenke"	20	4
EN		
OF		
"Die towersak"	20	6
AFDELING B: DRAMA		
Beantwoord slegs die EEN vraag.		
2. <i>Perdekrag</i>	40	9

AFDELING A: KORTVERHALE**VRAAG 1: BLADSAK – Lucas Malan**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar
EN

VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie

VERHAAL A: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A

"Stadig nou!" sê Leeu. "Wie gryp, kry niks – en die vraat kry laaste."

Toe gaan dit 'n bietjie beter.

"Julle wat graag horings wil hê," sê Leeu. "Staan eenkant toe!"

"Horings?" sê Koedoe vir sy maats. "Dink julle nie ons sal mooi lyk met horings nie?"

"Ja, ja, ja!" sê die bokke en staan opsy.

5

"Hier," sê koning Leeu, en sit die horings op. "Maar die vrouens wat weggebly het, kry niks nie."

Olifant sien die bokke spog, en hy gooi sy groot lyf rond om by Leeu te kom. "Ek wil ook horings hê," sê hy en gryp sommer 'n paar mooi wittes met sy mond.

"Vraat!" sê Leeu. "Omdat jy so gulsig was, sal die horings in jou mond bly vassit, en jy sal hulle nie soos die bokke hoog op jou kop dra nie."

10

"O toggie!" sê Olifant. "Nou is my neus te kort."

1.1 Waar was die diere toe Koning Leeu hier met hulle gepraat het? (1)

1.2 Al die diere was nie hier nie.

1.2.1 Watter diere het besluit om nie te kom nie? (1)

1.2.2 Hoekom het hulle besluit om nie te kom nie? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.3) en die letter (A–D) neer.

Koning Leeu sê: "Wie gryp, kry niks ..." (Reël 1).

Hiermee het Koning Leeu bedoel dat ...

A hy eerste moes kies, want hy is die koning.

B die diere enigiets kon vat waarvan hulle hou.

C die diere moes wag tot dit hulle beurt is om iets te kry.

D party diere niks sou kry nie, want daar was te min geskenke.

(1) –

- 1.4 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

ironie;	herhaling;	'n vergelyking
---------	------------	----------------

" 'Ja, ja, ja!' sê die bokke en staan opsy." (Reël 5)

Hierdie is 'n voorbeeld van ... (1)

- 1.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Nadat die diere heuning geëet en water gedrink het, het Koning Leeu gesê hy gaan vir almal geskenke gee. (1)

- 1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 en 1.6.2) en die antwoord neer.

Daar was 'n hele hoop ore. Koning Leeu het dit sommer net uitgedeel, want (1.6.1) (almal het oor die ore baklei/niemand wou ore hê nie). Al het Perd en Koei meer geskenke as die ander diere gekry, was hulle so (1.6.2) (moeg daarvoor/opgewonde daaroor) dat hulle dit vir hulle kinders gegee het. (2)

- 1.7 Koning Leeu was kwaad vir party diere en het hulle gestraf.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.7.1	Renoster	A	... moes hoor hoe die ander diere vir haar lag.
1.7.2	Kameelperd	B	... het sy lelike ore maar liewer begrawe.
1.7.3	Slang	C	... se stem is weggevat, omdat hy koning Leeu gekritiseer het.
1.7.4	Boerbok se vrou	D	... is gestraf, omdat hy met koning Leeu oor sy horings gestry het.
		E	... het sy bene verloor en dit het hom nog gevaarliker gemaak.

(4 x 1) (4)

- 1.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Koning Leeu het vir die diere gesê waarom hy hulle uitgenooi het.
 - Toe Skilpad by die uitdeelplek kom, was daar niks meer oor nie.
 - Koning Leeu het al die geskenke uitgedeel.
 - Die diere het lekker gesing en gedans.
- (4)

- 1.9 Waarom was dit verkeerd van Jakkals en Wolf om so uitsoekkerig te wees? (1)
- 1.10 Waarom het koning Leeu reg opgetree toe hy vir Kameelperd 'n mooi pak en 'n paar horings gegee het? (1)
- 1.11 Hoe help die skrywer jou om te verstaan waarom Leeu die koning is? (1)
- 1.12 Wat sou jy anders as Leeu in die situasie met Kameelperd gedoen het? (1)

EN

VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS B

Toe die muti-vrou haar 'n bok wou gee, wou sy niks hê nie. Nou hoop sy maar die muti-vrou onthou.

Die muti-vrou luister mooi. Sy dink diep en toe gaan haal sy 'n velsakkie agter uit haar hut.

"Gee dit vir jou dogter die dag dat sy gaan."

5

Sy sê ook wat sy vir haar moet sê.

Op 'n dag sê die meisie: "Ek is nou groot en Pa het my geleer om spies te gooi. Net môre loop ek."

Haar ma gee haar toe die velsak en sê: "As jy in die moeilikheid is, steek net jou hand in die sak en wat jy ook al nodig mag hê, sal jy kry."

10

- 1.13 Hoe het die meisie se ma die muti-vrou lank gelede gehelp? (1)
- 1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.
- "Die muti-vrou **luister mooi**. Sy **dink diep** ..." (Reël 3).
- Dit sê vir ons dat die muti-vrou ...
- A aan baie dinge gedink het.
- B van die meisie se storie gehou het.
- C goeie raad vir die meisie se ma wou gee.
- D nie geweet het wat om vir die ma te sê nie. (1)
- 1.15 Die meisie se pa het haar verstaan.
- Noem TWEE redes waarom ons so kan sê. (2)
- 1.16 Hoe het die ma gevoel oor haar dogter wat wou loop waar sy wil? (1)

1.17 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) en die antwoord neer.

1.17.1 Die meisie het haar hand vir die eerste keer in die sakkie gestee toe 'n ... haar aangeval het.

1.17.2 Toe die meisie en die jong man een aand langs die ... sit, het sy bokvleis uit die sakkie gehaal en dit gaargemaak.

1.17.3 Toe die ... die jong man gevang het, het die meisie die sakkie gebruik om hom te red.

1.17.4 Die jong man het aanhoudend gevra dat die meisie moes kyk wat in die sakkie is. Toe die meisie dit doen, was die sakkie ...

(4)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 en 1.18.2) en die antwoord neer.

Aan die begin was die meisie baie (1.18.1) (bang/tevrede) toe die jong man saam met haar geloop het. Toe die jong man skielik weg is, was die meisie so (1.18.2) (bekommerd/ongelukkig) dat sy die sakkie nie meer saam met haar wou vat nie.

(2)

1.19 Die jong man het weggegaan omdat hy geglo het die meisie was nie lief vir hom nie.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is.

(1)

1.20 Die meisie wat wou loop waar sy wil, het baie avonture beleef.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.20.1 tot 1.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.20.1	Die sakkie het gesê die meisie moet dit weer volmaak.	A	Die dorpie se mense het vir die meisie kos en slaapplek gegee.
1.20.2	Die meisie het onder die dorpie se storieboom gerus.	B	Die meisie en die jong man het mekaar weer raakgeloop.
1.20.3	Die meisie is gevang.	C	Die meisie het nuwe stories in die sakkie gesit.
1.20.4	Die mense het die meisie weer laat gaan sodat sy nuwe stories kon uitdink.	D	Die meisie het teruggegaan na haar ouers toe.
		E	In die dag het die meisie op die lande gewerk en in die aand het sy stories vertel.

(4 x 1)

(4)

- 1.21 Waarom was dit verkeerd van die meisie om in die sakkie te kyk? (1)
- 1.22 Waarom was dit reg van die jong man om vir die meisie om verskoning te vra? (1)
- 1.23 Waarom laat die slot van hierdie verhaal jou goed voel? (1)
- 1.24 Waarom pas die titel, "Die towersak", so goed by hierdie verhaal? (1)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS C

WILMA:	(Sarkasties.) Jy's arm, siestog. So jy mag maar diere mishandel.	
LUCKY:	Jy was nie daar nie. Jy weet niks nie.	
WILMA:	Wat jy gedoen het, was afskuwelik. Jy was wreed, jy was krimineel en jy is gevonniss.	
LUCKY:	(Skree gefrustreerd.) So, nou plant julle my hier by Oom Olifant en my little ponies. Waarvoor hoop julle – julle bleddie bleeding hearts? As ek net eers sien hoe oulik hierdie goed hoppity-hoppity met ryk brats op, dan gaan ek sommer skielik diere LOVE.	5
WILMA:	Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –	
LUCKY:	– en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance!	10
WILMA:	Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou.	
LUCKY:	(Desperaat.) Wat de hel wil jy hê moet ek doen?	

2.1 "So jy mag maar diere mishandel." (Reël 1)

2.1.1 Hoe het Lucky diere mishandel? (1)

2.1.2 Waar het hy dit gedoen? (1)

2.2 Noem EEN van die ander perde wat saam met Kaizer op Wilma se plaas is. (1)

2.3 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die antwoord neer.

'n vergelyking;	klanknabootsing;	'n metafoor
-----------------	------------------	-------------

"Waarvoor hoop julle – julle bleddie **bleeding hearts**?" in reël 6 is 'n voorbeeld van ... (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

In reël 11 sê Lucky vir Wilma: "Fat bleddie chance!"

Met hierdie woorde bedoel Lucky dat ...

- A die ryk brats vir Wilma probleme gaan gee.
- B Wilma nie kans gaan kry om hom te leer perdry nie.
- C hy nie gaan kans kry om met die ponies te werk nie.
- D sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie. (1)

- 2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky en sy ma is arm, want mevrou Mhlope kry min geld vir haar werk as onderwyser.

(1)

- 2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

In reël 5 skree Lucky vir Wilma, want hy is (2.6.1) (ontevrede/opgewonde) om sy gemeenskapsdiens op die plaas te doen. In reël 14 vra Lucky vir Wilma wat sy wil hê hy moet doen, want hy is 'n kind wat (2.6.2) (hulp/werk) nodig het.

(2)

- 2.7 Die verskillende karakters in die drama het almal hulle eie probleme gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.7.1	Binki	A	... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het.
2.7.2	Sabrina		
2.7.3	Mevrou Mhlope	B	... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het.
2.7.4	Wilma	C	... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie.
		D	... het gesukkel om plek te kry waar Lucky sy gemeenskapsdiens kon doen.
		E	... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense.

(4 x 1)

(4)

- 2.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys.
- Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is.
- Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het.
- Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander.

(4)

- 2.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky gefrustreerd was? (1)
- 2.10 Waarom was dit reg van Wilma om kwaai met Lucky te praat? (1)
- 2.11 Waarom kan jy respek hê vir die magistraat wat Lucky gevonnissen het? (1)
- 2.12 Waarom laat die dramaturg (skrywer van die drama) vir Lucky soveel Engelse woorde gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

BINKI:	<i>(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.) Nee, man, gee my foon! (Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder totdat Binki haar foon by Lucky gryp en Lucky haar speels aan die arm beetkry. In haar haas om weg te kom, skeur die een mou van haar bloes heeltemal los. Sy struikel geskok eenkant toe en probeer haar kaal arm met die ander een toehou.)</i>	5
LUCKY:	Hel, ek is jammer. Ek wou nie jou klere skeur nie. <i>(Hy druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas. Hy kyk geskok na die growwe littekens op haar arm.)</i>	
	Wat's daai? Hei? Wat het met jou gebeur?	10
	<i>(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)</i>	
	Ag nee, moenie huil nie. Ek het jou mos nie seergemaak nie.	

- 2.13 Waarom wou Lucky Binki se foon vat? Noem TWEE redes. (2)
- 2.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.
- 2.14.1 Net voordat Lucky en Binki hier oor haar foon gestry het, was Lucky by Kaizer. Hy wou Kaizer met 'n ... slaan.
- 2.14.2 Kaizer het Lucky gestamp en hy het op die grond ...
- 2.14.3 Lucky het vir Kaizer van die ... vertel.
- 2.14.4 Kaizer het sy voorpoot vir Lucky gelig en sy ... teen Lucky se skouer gedruk. (4)
- 2.15 Wat het Lucky vir Kaizer gegee? (1)
- 2.16 Hoe het Wilma gevoel toe Lucky vir haar sê wat hy vir Kaizer gegee het? (1)
- 2.17 Binki het 'n bloes met lang moue gedra omdat sy koud gekry het.
- Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

- 2.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.18.1 en 2.18.2) en die korrekte antwoord neer.

Binki het vir Lucky gevra om haar foon terug te gee, maar hy het aangehou om haar (2.18.1) (bang te maak/te terg). Aan die einde van die drama sien ons dat dit 'n (2.18.2) (positiewe/negatiewe) verandering in Binki se lewe gebring het.

(2)

- 2.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.19) en die letter (A–D) neer.

"Binki vlug Kaizer se stal **blindelings** binne." (Reël 11)

Dit beteken dat Binki ...

- A by die verkeerde stal ingegaan het.
- B eintlik na Tinkerbelle se stal gesoek het.
- C nie langer saam met Lucky wou wees nie.
- D deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie.

(1)

- 2.20 Die twee kinders het albei op 'n goeie manier verander terwyl hulle op Wilma se plaas was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.20.1 tot 2.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.20.1	Lucky het Binki oor baie dinge geterg.	A	Binki het hard gewerk om matriek te slaag.
2.20.2	Na die eerste Saterdag op die plaas het Lucky baie gedink oor alles wat daar gebeur het.	B	Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink.
2.20.3	Lucky het Wilma 'n "ou dronkie" genoem.	C	Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie.
2.20.4	Lucky het per ongeluk Binki se bloes se mou losgeskeur.	D	Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma "soort van community service" gedoen het.
		E	Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk.

(4 x 1)

(4)

- 2.21 Lucky "*druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas.*"
(Reël 7 en 8)
- Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky die mou weer teen Binki se arm probeer "aanlas" het? (1)
- 2.22 Die magistraat het gedink Lucky moes 'n kans kry om met diere te werk.
- Waarom kan ons sê dat die magistraat reg was? (1)
- 2.23 Mense wat hartseer is of probleme het, voel beter nadat hulle daaroor gepraat het.
- 2.23.1 Watter les het jy hieroor geleer uit Lucky se gesprek met Kaizer? (1)
- 2.23.2 Watter les het jy hieroor geleer toe Binki met Lucky oor haar ma gepraat het? (1)
- TOTAAL AFDELING B: 40**
GROOTTOTAAL: 40